

Die aanwending van Sinodale Kollektes en ander gereelde vrae daaroor

Mei 2017

Hierdie is 'n inligtingstuk oor sinodale kollektes wat vrae beantwoord wat gereeld gevra word.

Vraag 1:

Hoe werk die sinodale kollektes? Hoe hanteer die sinode die fondse?

Antwoord:

Die opbrengs wat die sinode uit sinodale kollektes ontvang, word volledig gestort in die ringsprojekfonds. Hierdie fonds staan amptelik as die Sinodale Hulpfonds (SHF) bekend. Ringe doen vir bepaalde projekte – wat hulle self identifiseer – aansoek uit hierdie fonds. Aangesien elke gemeente op 'n ring verteenwoordig word, besluit gemeentes en ringe dus deur die inisiatiewe wat hulle neem hoe die fondse aangewend word.

Die Sinodale Kommissie finaliseer die toekennings aan die ringsprojekte, en maak seker dat die sinodale kollektes wat opgeneem is aangewend word vir projekte wat met die doel daarvan verband hou.

Vraag 2:

My gemeente wil graag weet waarvoor die sinodale kollektes aangewend word?

Antwoord:

Plaas gerus onderstaande opsommings gereeld op u afkondigings by die Sondag waar die kollekte opgeneem word. Vanjaar (2015-16) word die sinodale kollektes as volg aangewend:

1. Sinodale Kollekte vir Diens van Barmhartigheid

Die Sinodale Kollekte vir Diens van Barmhartigheid word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:

- Verswakte bejaardes word tuis versorg en vervoer om inkopies te doen of by die dokter te kom
- Leerders met spesiale onderrigbehoefte word bygestaan
- Bystand aan behoeftige pasiënte in hospitale
- Voor- en na-geboorte begeleiding van swanger, jeugdige moeders
- Voedingsprojekte

2. Sinodale Kollekte vir Gemeentebediening

Die Sinodale Kollekte vir Gemeentebediening word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:

- Voortgesette bedieningsopleiding aan predikante om hul vaardighede uit te bou, word verskaf
- Daniëlkonferensies aangebied
- Geestelike ondersteuning en versorging van leraars
- Toerusting van orreliste word ondersteun
- Ouderlinge word opgelei om eredienste te lei

3. Sinodale Kollekte vir Jeugbediening

Die Sinodale Kollekte vir Jeugbediening word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:

- Befondsing vir #Imagine 2015 in die Oos-Kaap
- Avontuurweke vir laerskoolkinders in die wintervakansie
- Kinders in kinderhuise en behoeftige leerders word bedien en ondersteun
- Leierskapsontwikkeling by skoliere
- Geestelike ondersteuning aan kinders wat verliese ervaar
- Verskeie kampe word met jongmense gehou

4. Sinodale Kollekte vir Hulp aan Gemeentes

Die Sinodale Kollekte vir Hulp aan Gemeentes word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:

- Behoeftige gemeentes wat 'n werkbare groei-strategie kies, word finansiëel bygestaan
- Behoeftige gemeentes word gehelp om bedieningsprojekte aan te pak
- Behoeftige gemeentes word finansiëel ondersteun

5. Sinodale Kollekte vir Getuienis (Sending)

Die Sinodale Kollekte vir Getuienis word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:

- Getuienis teenoor Islam
- Uitreik na die Transkei
- Getuieniswerk onder jongmense, veral in geweld- en misdaadgeteisterde gebiede
- Evangelisasie in die Koukamma-gebied en Gamtoos-plaasbediening
- Bybelverspreiding in die Oos-Kaap
- Bybelvertaling gerig op onbereiktes
- Evangelisasie en getuienis in skole

6. Sinodale kollekte vir Vrouebediening

Die Sinodale Kollekte vir Vrouebediening word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:

- Opheffingsprojekte onder vroue
- Projekte gerig op die bediening van vroue en gesinne
- Ondersteun die sorgsentrum vir verkrachtingslagoffers in Port Elizabeth
- 'n Vrouekamp in die Oos-Kaap word in Oos-Londen aangebied

'n Volledige lys van al die projekte wat ringe onderneem, kan besigtig word by:

<http://ngkok.co.za/ringsprojekte/2015/aansoeke2015.htm>

Vraag 3:

Is sinodale kollektes verpligtend?

Antwoord:

In ons kerk word mense gewoonlik kwaad as hulle die woord "verpligtend" hoor. Maar ja, die lys sinodale kollektes is gesamentlik deur al die gemeentes ter sinode in sitting goedgekeur as verpligte kollektes. Dit moet opgeneem word, en elke jaar voor die einde van die finansiële jaar aan die sinode oorbetaal word.

Vraag 4:

Wat bepaal die Kerkorde oor sinodale kollektes?

Antwoord:

Die kerkorde bepaal:

- Die opneem van sinodale kollektes behoort tot die **take van die kerkraad** (Bepaling 27.3)
- **Kerkrade** sien toe dat sinodale kollektes opgeneem word en kwartaalliks aan die sinodale kantoor oorbetaal word (Bepaling 27.6)
- **Ringe** sien toe dat kerkrade sinodale kollektes opneem en oorbetaal (Regl 3 pt 2.2)

Vraag 5:

Hoe word besluit waarvoor kollektes opgeneem word?

Antwoord:

Die sinode self stel die lys vas, maar die sinodale kommissie (waarop alle ringe verteenwoordig is) mag ook – indien nodig – 'n verstelling maak. Die keuse van die kollektes is dus 'n keuse waarby ringe en gemeentes direkte inspraak het. Voorstelle is altyd welkom.

Vraag 6:

Hoe weet ek watter sinodale kollektes moet opgeneem word?

Antwoord:

Die lys kollektes verskyn op die vorm "Kennisgewing van Betaling deur Gemeentes" wat gemeentes gebruik om kennis aan die sinodale kantoor van inbetalings te gee.

Hierdie vorm is beskikbaar by: <http://ngkok.co.za/admin/kennisbetl.pdf>

Vraag 7:

Moet sinodale kollektes op Vorm B (die ouditstaat) aangetoon word?

Antwoord:

Ja, die ouditeur moet nagaan dat die sinodale kollektes opgeneem is, en dat dit oorbetaal is aan die sinodale kantoor. Die oorbetaalde kollektes moet op die ouditstaat (Vorm B) aangetoon word.

Sinodale kollektes word nie bygetel wanneer die sinodale dankoffers bereken word nie.

Vraag 8:

Wat is die verskil tussen sinodale kollektes en spesiale kollektes?

Antwoord:

Sinodale kollektes is verpligte kollektes en word aan die sinodale kantoor oorbetaal. Spesiale kollektes is kollektes aan instansies wat die kerkraad, ring of sinode goedkeur, maar dit word direk aan die instansies oorbetaal. Kerkrade kan self besluit vir wie hulle spesiale kollektes wil opneem.

Slegs twee spesiale kollektes word – indien opgeneem – aan die sinodale kantoor oorbetaal:

Hospitaalbediening en Kampbediening.

Vraag 9:

Wat moet ek as gemeenteskriba / -kassier rondom sinodale kollektes doen?

Antwoord:

Plaas dit asseblief op die gemeente se jaarprogram by Sondae, sodat dit as deurkollekte opgeneem kan word, en betaal die kollektes wat opgeneem word aan die sinodale kantoor oor.